

**Skriflesing:** Psalm 11Teks: **Psalm 11: 3**Sing: **VOORAF SANG – Ps. 18:1, 10****TYDENS EREDIENS- Ps. 48:4; Ps. 89:5,6; Ps. 118:9; Sb. 7-1 (31):1****Psalm 11****Psa 11:1** Vir die koorleier. Van Dawid. Ek skuil by die Here. Hoe durf julle vir my sê: "Vlug na die berge toe soos 'n voël!"**Psa 11:2** Kyk, die goddeloses span hulle boë, en hulle lê aan met die pyl op die snaar; hulle staan reg om uit die donker die opregtes van hart te tref.**Psa 11:3** **As die fundamente ondermyn word, wat kan die regverdige daaraan doen?"****Psa 11:4** Die Here is in sy heilige tempel! Die Here is op sy troon in die hemel! Sy oë is oop, sy oë keur die mensekinders.**Psa 11:5** Die Here onderskei tussen regverdige en goddelose. Wie geweld liefhet, haat Hy.**Psa 11:6** Hy laat vuur en swael reën op die goddeloses, 'n skroeiende wind: dit is die beker wat hulle sal drink.**Psa 11:7** Die Here is regverdig. Hy het die mense lief wat regverdig en opreg handel, en Hy sal by hulle wees.**Skriflesing:** Psalm 11Teks: **Psalm 11: 3**Sing: **VOORAF SANG - Ps. 18:1, 10****TYDENS EREDIENS- Ps. 48:4; Ps. 89:5,6; Ps. 118:9; Sb. 7-1 (31):1**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, die jaar is nog jonk. In so 'n tyd is die versoeking baie keer ook groot om jou ore vir ander mense uit te leen. Mense soek raad in omstandighede wat hulle mag voel eksel self het nie meer raad in wat my omstandighede nou is nie. Ons leef ook in 'n tyd wat finansiële onsekerhede en werksverhoudinge en ook dinge aan huis nie die druk wat ons verlede jaar al moes absorbeer sommer maar net van die tafel kon vee nie. As ons dalk reeds in die moeilikheid begin raak het dan is die versoeking net nog groter om die raad wat andere jou wil gee net meer en meer jou eie te maak terwyl dit nie noodwendig die beste raad is wat daar is nie.

\*\*\*

In Psalm 11 is Dawid in sulke omstandighede wat hy in groot moeilikheid geraak het. Ons weet Dawid was 'n man wat baie vyande gehad het. Hy is een wat vir lang tye in sy lewe 'n vluggende mens was. Hoe baie het hy vir koning Saul moes vlug. Later het Dawid se eie seun Absalom sy lewe ook so gevaarlik gemaak dat hy vir sy eie kind moes vlug. Angswekkende dinge wat in Dawid se lewe gebeur het! Dan is dit ook só dat hy soms in die berge sy veiligheid kon vind.

Later toe Dawid koning geword het, het dit beslis nie aldag net goed gegaan nie. Inteendeel! Psalm 11 lyk dit of die koningskap van Dawid onder beleg was. 'n Staatsgreep of 'n groot rewolusie was aan die opbou. Mense was besig om die fundamente om te keer. Hoe goed ken ons dit nie?! Korrupsie, misdaad, wanorde, skole wat die jeug al hoe meer arrogant raak en daar

werklik geen ontsag meer vir gesag en orde bestaan nie. Kommissie na kommissie het al soveel korrupsie blootgelê maar van daadwerklike regsherstel en straf vir mense wat eenvoudig hulleself op die skelmagtigste wyse volgestop het kom eenvoudig nie na vore nie. As Dawid iets beleef van die fundamente word omgekeer is dit nie moeilik om met hom saam te praat nie. Dit natuurlik met die nog groter vraag wat kan die regverdige doen as die fundamente omgekeer word. Die Hebreeuse woord wat hier gebruik word vir omgooi is die Hebreeuse stam die woord הָרַס (haras), wat sekerlik verband hou met die Engelse woord “harassment”, wat wys op teistering. As teistering maar net aanhou en aanhou dan word die vraag sekerlik al dringender wat kan ek nou eintlik doen?

\*\*\*

Dit is baie belangrik om in hierdie Psalm dit vroeg reeds raak te sien dat Dawid se vriende het gemeen die beste raad vir Dawid is om te vlug. *Vlug na die berge soos 'n voël...!* Dis al manier hoe jy uit jou probleme sal kom. Maak dat jy wegkom. Jou moeilikheid en jou vyande is net te veel. Hulle gaan jou vang. Gaan skuil in 'n vêr plek waar niemand weet waar jy is nie en waar niemand jou sal kan bykom nie!

\*\*\*

Ons besef vanoggend in hierdie omstandighede wat Dawid hom baie vasgekeer gevoel het, is dit in ons lewens dalk ook op 'n ander manier van toepassing. Ons as gelowiges kom dikwels in omstandighede en worstel met gevoelens wat ek ook dink ek moet probeer van my probleme weg te vlug. Dit kan so erg word dat sommige mense oorweeg om van hulle lewe weg te vlug. Dan word dit 'n al hoe groter versugting. Dis wanneer mense sê ek kan nie meer verder nie. Dinge het vir my te veel geword. Dan begin selfmoordgedagtes 'n rol te speel of drank en dwelms word elke dag 'n al hoe groter poging tot ontvlugting maar op die lange duur is dit beslis geen oplossing nie.

\*\*\*

Daar is eintlik nie 'n manier om van moeilikhede weg te hardloop nie. Die werklike draaipunt waar ons besef ons by moet uitkom is om ernstige vrae oor jou fundamente, jou lewens-fundamente te vra. Fundamente wat ander wil omgooi en inderdaad is daar baie fundamente wat in ons tyd omgegooi word. Die Hebreeuse woord wat hier met fundamente vertaal word, het ook verband met iets wat uitgesit is of kan ons ook sê uiteengesit moes word. 'n Fondament moet uitgemeet en uitgesit word voordat dit behoorlik as fondament kan werk. As jy bou dan rus die

hele gebou op sulke fondamente. Wanneer die fondamente omgegooi word, is inderdaad iets baie ingrypend.

\*\*\*

So was dit in Dawid se lewe en ons tyd is vol van mense en dinge wat al hoe meer daarop uit is om fondamente te wil ondergrawe en om te keer. Die huwelik, die gesin, die skole, ja ook die kerke, kom onder al hoe groter druk juis omdat mense nie meer wil hou by wat ons weet ons vroeëre fondamente was nie.

In skole was die Bybel en godsdiensonderrig die steunpilaar waarop gewerk kon word. Christelike universiteite soos die vroeëre PU vir CHO was uitgesproke daarvoor dat die fondament waarop die hele universiteitswese moes staan, moes gereformeerd wees. God se Woord moet sentraal staan en alle wetenskapsbeoefening moes wees in die lig van God se Woord. Dit was werklik 'n geval van in U lig sien ons die lig. Psalm 36 was nie net geken nie, maar was geglo. Psalm 36 vers 10... *Want by U is die fontein van die lewe; in u lig sien ons die lig.* Psalm 36 saamgelees met Psalm 43 waar die digter bid om God se lig want dan is Hy by God se waarheid. Waarheid is nie iets abstrak, onpersoonlik, koud, daar vêr nie. As ons in God se lig en God se waarheid wil lewe dan wil ons ootmoedig bid om God se reg. Die hoogste reg wat daar kan wees. Dan wil ons ons by 'n kerk en 'n skool en 'n universiteit voeg waar dit waarlik gaan om God se lig, God se waarheid, God se reg. Dis waar fondamente reeds gelê is en nog weer gelê moet word

Van hierdie fondament is daar by die NWU eintlik niks meer oor nie. Dis omgekeer. Verblydend dat ons by AROS en Akademia weer teruggebring word in wat ons glo die universiteitswese moet wees. As die manne wat by Akademia na geluister word soos o.a. prof. Danie Goosen en jy maak jou oë vir 'n wyle toe dan hoor ons uit hulle mond die ou-ou waarhede wat Stoker en Postma en Totius, ja feilbare manne, maar hulle was nie skaam om beginsels neer te lê wat as fondamente op gebou kon word. Die meeste moderne mense begryp van hierdie basiese beginsels bitter weinig want waar dit alles by moet begin, in die huise en in die skole word dit nie meer na behore ons kinders geleer en ingeskerp nie!

\*\*\*

Die mees basiese uitgangspunte wat die Here ons in Deuteronomium 6 by uitbring, word eenvoudig geïgnoreer en afgelag. Hoe 'n gesukkel is ons kategeese nie in hierdie gemeente nie! Die feit dat die Here Hy is God. Hy alleen is God. Graag wil ek ná die Sinode 'n kort reeks in die gemeente begin om God se pad met die profeet Elia te hanteer. By Elia klink dit so eenvoudig as ons die kern van Elia se lewe moet raaksien in die feit dat die Here, Hy is God. Of anders gestel, My God is die Here ... Dit klink so maklik en so eenvoudig om dit Elia na te sê, maar as ons by die reeks mag kom, sal ons besef watter implikasies het dit nie in ons lewe nie! Ná Elia sal ons ook na Elisa kan beweeg. Dan is die vraag nog net so belangrik watter belangrike rol het die fundamente wat Elia neergelê het dan ook in Elisa se lewe 'n rol gespeel. Mag ons dáárby kom?!

\*\*\*

Ons besef hoe anders sou ons land en omgewing gewees het as ons maar net weer kon kom by 'n tipe mens wat die Deuteronomium 6 mens wil wees. Vers 4 is so belangrik in die Deuteronomium 6 tipe mens- 4 *“Luister, Israel, die Here is ons God, Hy is die enigste Here. 5 Daarom moet jy die Here jou God liefhê met hart en siel, met al jou krag.* Dis ook wat Elia by gehou het, mag ons vanjaar by die begin van ons kategeese vir die jaar ook net hierop wil voortbou. Hiervan mag ons nie van afwyk nie. Hoe ons die kategeese gaan hanteer sal ons ernstig oor moet besin. Mag ons dit vandag al wil begin doen.

Die opdrag en implikasies is vir ons duidelik as ons nie hierby gaan hou nie is ons besig om die fundamente om te keer. Dit is die Here wat sê ... 6 *“Hierdie gebooie wat ek jou vandag gegee het, moet in jou gedagtes bly. 7 Jy moet dit inskerp by jou kinders en met hulle daaroor praat as jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan. 8 Jy moet dit as herinneringsteken vasbind aan jou hande, en dit moet 'n merk op jou voorkop wees. 9 Skryf dit op jou deurkowsyne en op jou stadspoorte.* Die merk op ons kinders se voorkoppe is hulle doop. Gaan ons die doopbelofte nakom of gaan ons hier ook wil fundamente omkeer.

\*\*\*

Dawid se regering was onder beleg, 'n rewolusie dreig, fundamente word omgekeer, nou het Dawid een van twee uitweë gehad. Hardloop weg, vlug na die berge, soos wat ons dalk ook dikwels voel, as ons kyk wat om ons aangaan en hoe dinge net moeiliker en moeiliker word. Ook in die gemeente. Maar vlug moet eintlik 'n ander tipe vlug word. Jou vlug moet 'n ander

“v” in jou lewe word. In plaas van vlug wat daarvan dat ons eerder meer begin werk met vertroue? As ons Psalm 11 in die geheel saamvat dan sien ons die ryke betekenis van jou vertroue op God en vertrou op sy verbond wat by die doop al bevestig en bekragtig is. Eintlik is die hele Psalm 11 ’n uiting van vertroue op God en sy verbond. Dis ’n vertroue wat die gelowige nie mag verloor nie. Hoe belangrik om te mag sê - *By die HERE skuil ek...* staan in die ouer vertaling. HERE met vier hoofletters is juis die beklemtoning van God se verbondsnaam wat mos juis sy verbond beklemtoon. Die 1983 vertaling staan- *Ek skuil by die Here. Hoe durf julle vir my sê: “Vlug na die berge toe soos 'n voël!*

In plaas van vlug, mag daar by jou en my ware vertroue wees. Soos Dawid sy vertroue kon uitbou en sterker maak, mag dit ook by jou en my só wees. Ons sien die opwekking van sy vertroue veral in die feit dat Hy God as die God van reg beskou. By Elia mag ons dit ook besef.

\*\*\*

As daar regsverkragting plaasvind dan kan jy maar jou vertroue op God stel. As daar nou een Mens was wat regsverkragting tot die uiterste moes ondergaan dan was dit dié Mens, Jesus Christus. Golgota het al gewys hoe korrup, hoe gewelddadig, hoe verrot die samelewing kan wees en inderdaad was. Op Golgota is die fundamente in geheel omgekeer. Die Regverdige is aan ’n kruis vasgespyker en die skuldiges is as regverdiges behandel. Dit het met Jesus gebeur sodat ons van die dood en verderf gered kon word. Ja, het Jesus verskriklike onreg moes ly dat God sy reg in hierdie wêreld kon betoon, ja dat daar aan God se geregtigheid voldoen moes word. Jesus het volkome die onreg van die wêreld op Hom geneem om ons by die reg van God uit te bring. Daar waar ons nog altyd weer by uitgebring moet word.

\*\*\*

Opmerklik hoe Psalm 11 deurweef is van die feit dat God sal die regverdige nie in die steek laat nie want God sal sy eie reg nooit versaak nie. Is juis regsverkragting wat dikwels aanleiding gee tot die omkeer van fundamente. Sulke tye moet ons al meer ons vertroue op God stel. Vertroue op God beteken beslis nie om maar alles te aanvaar wat gebeur nie, maar om juis in die krisis van jou lewe aktief bewus te wees van God se teenwoordigheid, sy hulp, sy leiding. Hoe baie van God se profete het dikwels krisiswoorde in krisistye gespreek nie om die krisis te onderskat nie, maar om juis hulle en hulle volk se vertroue in God te versterk. Krisistye is dikwels ook die tye waarin ons getoets word. Ons word getoets of ons vas kan staan. Om nie weg te hardloop as

die fundamente omgekeer word nie, maar om die fundamente van God se Woord weer die fundamente van jou en my lewe te maak. Om die gesindhede en lewenshoudings wat eintlik so leeg is aktief te verwerp.

Dit is wat die regverdige moet doen as die fundamente omgekeer word. Om in alles oortuig te wees ons dien 'n regverdige God. God is volkome betroubaar, eerlik, Hy hou van opregtheid en Hy haat onreg. Daarom het God ook hulle lief wat regverdig en opreg is. Vers 7 stel dit baie duidelik dat dit wat waarlik vir ons nodig is, is die wete van God se teenwoordigheid. Die Psalm eindig met die feit dat die opregte sal die aangesig van God sien. Presies soos die 1953-Vertl dit ook vertaal. Dit kom daarop neer soos die 1983-Vertl dit stel dat God by sy kinders is; hulle wat regverdig en opreg handel. Heidene het na hulle afgodsbeelde gegaan en dan die beeldwerk bekyk, so het die heidene gedink hulle god sien hulle. Vir die gelowige in die Ou Testament was dit anders. Hulle het na die tempel gegaan en 'n besoek aan die tempel was vir hulle om die aangesig van God te sien. Daar wil God sy kinders ontvang, daar vind gemeenskap met God plaas.

Vir ons om die aangesig van God te sien, is om in Christus deur die Heilige Gees nie net kerk-toe te kom nie, maar om werklik kerk van God te wees. Iemand wat waarlik in sy mens-wees kerk is, sal ook na die eredienste, na die ontmoeting met God in sy gemeente saam wil kom. Daarsonder wil ons nie lewe nie. Ons wil beslis nie so arm deur die lewe gaan dat ons ons rykdom in Christus deur die bediening van sy Woord wil mis nie. Die een wat hierdie gemis sy/haar eie gemaak het, doen nie alleen die kerk 'n onreg aan nie, maar wanneer die ware Kerk 'n onreg aangedoen word, dan word Christus Self 'n onreg aangedoen.

\*\*\*

Ons sluit af met die feit van daar is baie onreg in hierdie wêreld. Baie wat nie reg is nie. Baie dinge kom ook nie reg nie. Hoe dikwels kom ek en jy in die moeilikheid juis omdat ons aan die kant van die reg staan. Hoe dikwels word die gelowige bespotlik gemaak en afgelag juis omdat hy/sy die regverdige is maar die wêreld dit nie kan raaksien nie en ook nie wil aanvaar nie. Die regverdige word dikwels baie meer beskinder as die opregte. Ja, skinder op sigself is al 'n afskuwelike vorm van onreg. Hierdie dorp en hierdie kerk is vol van skinderpraatjies en skindertonge. Wees maar bedag op die onreg wat ek en jyself so maklik met ons tonge pleeg.

As ons sulke onreg ly juis omdat ons die reg beoefen, wees getroos God sien die reg van alle kante, hy sien jou ook raak wat ly juis omdat jy reg is. Dit is die wonder van Golgota maar ook van Gabata, ook van Getsémané. Al die plekke waar Christus verskriklik gely het, ook verskriklike onreg moes ly, maar die dag toe Christus uit die graf opgestaan het, het niemand hom as 'n vlugteling beskou nie. Hy het nie teen die onreg in opstand gekom deur rewolusie te stig nie. Hy wou nie na die berge toe vlieg soos 'n voël nie, maar het op sy pos gebly, het deur die onreg gesterf maar het ook oorwin deur vanuit daardie onreg op te staan.

Mag jy vandag en ook die res van die jaar, ja mag ons as kerkverband wat in die tye na 'n baie lang tyd weer 'n Algemene Sinode moet hou, met 'n uitdagende agenda, mag ons in die opstandingskrag van Christus ons besluite neem. Ons bely dat Christus se opstandingskrag werk ook in aardse gebeurtenisse. God laat te midde van die onreg wel die geregtigheid seëvier. Ons wat glo Christus se opstandingskrag is eintlik die enigste krag wat saak maak. In hierdie krag wek die Heilige Gees nuwe lewe. Met hierdie krag kom Psalm 11, kom Psalm 36 wat sê in *U lig sien ek die lig*, maar kom ook die gebed van Psalm 43, mag dit ook jou en my gebed in hierdie tye wees - *Stuur u lig en u waarheid; laat dié my lei; laat dié my bring na u heilige berg en na u woninge*. As die fundamente omgekeer word, kom by die berg van God se lig, God se waarheid, God se reg, ja die heilige berg van God en moet nie na ander berge probeer vlieg, soos 'n verskrikte, verjaagde, vreesbevange voël nie. Dis wat jy as regverdige moet doen. Kom en staan by die God van reg. Hy wat die HERE is.

AMEN